

Suiwer gesonde gladdebek-pret

Komedie: *Oz pël Gatiepie gaan visvang*. Met Kevin Ehrenreich, Glynis Glenister en Leonard Petersen. OKSK-saal. Tot 4 April.

Slegs wanneer ons vir onself kan lag, is ons besig om gesond te word.

Dit is Kevin Ehrenreich, skrywer en regisseur van *Oz pël Gatiepie gaan visvang*, se filosofie agter dié stuk wat onbeskaamd met stereotipes van bruin mense in die nuwe Suid-Afrika omgaan.

Die tema is wel 'n veelbesproke een, maar Ehrenreich gryp die gladdebek Gatiepie aan die strot en dwing hom om al sy vooroordele en waardes aan die gehoor bloot te lê.

Maar kruip in jou hart, dié sal hy, of jy van sy twyfelagtige planne hou of nie.

Gatiepie is werkloos en pennieloos, maar hy praat sy houvrou, Fatiema (Glenister), en vriend, Skinny (Petersen), deurmekaar met sy planne om te gaan "visvang" – 'n term ver verwyder van die normale hengel.

Volgens Ehrenreich is visvang 'n term wat beteken om "vroue te vang. Want 'n man moet mos 'n spaarwiel hê vir as die gewone wiel uitgedien raak," knipoog hy. Skinny word teen wil en dank ingesleep in 'n plan wat hul groot vriend, Shakespeare, beding het.

Die gehoor ontmoet nooit die vlytige Shakespeare nie, maar sy hand in die plan is onmisbaar.

Hy reël die cherries wat vir Skinny en Gatiepie gaan entertain by die Vaaldam, 'n uitstappie wat Fatiema skepties stem.

Met rede.

Gatiepie en sy maats se luimige dialoog is deurspek met gesegdes eie aan die



Foto: Simone Scholtz

“Want 'n man moet mos 'n spaarwiel hê vir as die gewone wiel uitgedien raak.”

bevolkingsgroep waaruit hulle kom. Fatiema se kommer oor wat die “mense in die flêlse oor ôs gat sê”, pla haar meer as haar minnaar se ooglopende ontrouheid. Die verrassende einde is

een waaruit selfs Gatiepie hom nie kan praat nie.

Gatiepie is deel van 'n reeks stories wat Ehrenreich vir die verhoog en radio skryf en hy laat geen heilige koei onaangeraak nie.

“Ons skryf uit die gemeenskap waaruit ons kom en wys op watter wyse Afrikaans steeds voortleef, sonder fênsie leestekens en groot woorde,” sê hy. – **Mandy Rossouw**